



PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

H/V Paul Kruger en Ross str, Universitas, Bloemfontein
Tel. : (051) 522 1371
www.tjokkies.co.za

Uitgawe 6/3/2020

11 Sept 2020

Uit die Kantoor ...

Lentedag 2020

Soos soveel ander dinge hierdie jaar, was lentedag ook bietjie anders as altyd. Ek wil egter baie dankie sê aan die leerderraad en hul ouers vir die vrolike ontvangs by die skool om die begin van die lente te vier. Die onderwysers se dag is ook somer opgehelder met die heerlike bederf pouse. Ons het almal somer nou weer moed vir die res van die kwartaal.

Akademie

Graag doen ek 'n beroep op ouers om die personeel by te staan met u kind se akademie. Ons besef dat baie ouers nou weer terug is by die werk en dat kinders tydens hul "tuisweek" by iemand bly of op hul eie aangewese is. Onderwysers is bekommerd oor hierdie leerders wat nie hul deel doen nie. Die tendens, dat tuiswerk en opdragte nie voltooi word nie, is duidelik sigbaar by leerders wat tuis bly. Dit bleik dat selfdissipline ontbreek en ons vra dat ouers kinders se werk daagliks sal kontroleer. Ons merk ook op dat daar selde, deur veral sommige ouers en leerders, op die e-platform ingeskakel word. Tjokkies het moeite gedoen met die daarstel van hierdie platform en vra dus dat dit produktief gebruik sal word.

Neem kennis dat ons nie anders kan as om op te tree teen hierdie leerders wat nie hul kant bring nie.

OUERINLIGTING

Tjokkies beweeg teen die einde van September oor na 'n nuwe finansiële program. Bestaande inligting word oorgetrek van die ou na die nuwe program. Daar is egter baie ouers wie se persoonlike inligting in die afgelope jaar verander het. Leerders in groep 2 het reeds vorms ontvang wat ouers dringend moet voltooi en vandag nog moet terugstuur skooltoe. Leerders in groep 1 ontvang hierdie vorm Maandag en moet dan teen Woensdag, 17 September, teruggestuur word skooltoe. Baie dankie vir u samewerking.

LEIERS 2021

Graad 6-leerders ontvang vandag 'n inligtingsbrief rakende die besluit oor die aanwys van leiers vir 2021.

Barmhartigheid

"Die volk het gejuig oor die vrywillige gawes, want hulle het vrywillig en heelhartig bygedra vir die Here." - 1 Kronieke 29:9

Tjokkies wil baie dankie sê vir die gesinne wat weekliks so heelhartig kospakkies gee vir die skool en gesinne wat swaar kry.

God het dit op julle harte gedruk om te help om nood te verlig. Ons sien julle moeite raak en waardeer dit dat julle die ekstra myl stap. Julle sit 'n glimlag op ouers en leerders se gesigte.

Nalatenskap

Graag herinner ons die Graad 7-ouers wat nog 'n skenking wil maak, as deel van die gr. 7-afskeidsgeskenk vir die skool, dat julle dit steeds kan doen. Gelde kan in die skool se rekening inbetaal word. **Verw. Gr.7 skenking.**

VERJAARSDAE:

Die volgende personeel verjaar in die komende week. Baie geluk!

12 Sept. Juf. Charlene van Loggerenberg (Gr. 2)

17 Sept. Mnr. Hermann Davin (Gr. 5)

Verlore klere

Ons kry heelwat navrae van ouers oor hul kinders wat hul skoolklere verlê en dan nie weet waar om daarvoor te gaan soek nie. Alle verlore klere en kossakkies sal voortaan na die Middagstudiekombuis (langs klerebank) geneem word waar kinders dit dan kan gaan uitsoek. Ouers kan dan ook in tye wanneer die klerebank oop is (slegs Maandae 7:30 - 9:00 en Vrydae van 12:30 - 14:00) daar gaan kyk vir u kind se verlore items.

JAAR

2020

Dit bly egter belangrik dat **ALLE** klere en items deeglik gemerk moet wees. Die skool kan nie verantwoordelik gehou word vir klere wat verlore raak nie. Ons doen wel moeite om leerders met lang vingers op te spoor en dienooreenkomstig op te tree.

Kaalvoetkafee

Graag wil ons ouers inlig dat daar wel 'n probleem is met die state vanaf 1 Julie 2020 wat ons van FNB ontvang. Ons werk aan die probleem en vra u geduld asb.

Ouers kan intussen die bewys van inbetaling in u kind se snoepierekening per whatsapp stuur na (0826127756) of epos (kaalvoetkafee@tjokkies.co.za)
Ons stuur die state uit sodra die probleem opgelos is.

Onthou: Indien betalings gedoen word onthou om kaartnommer en naam van kind op inbetalings aan te bring.

Kaalvoetgroete
Méchelle /Debbie

Bloemfontein Kinderkoor

'N AVONTUUR WAG!
VIRTUELE
OUDISIES

↓ ↓ ↓

**MAAK 'N OPNAME VAN ENIGE LIED
EN STUUR DIT AS 'N WHATSAPP
STEMBOODSKAP NA
063 686 6772
VOOR
15 SEPTEMBER
GEEN BEGELEIDING
NODIG NIE**

**BLOEMFONTEIN
CHILDREN'S CHOIR**

BCC
BLOEMFONTEIN
CHILDREN'S CHOIR

OUDISIES

**2 EN 9 OKTOBER 2020
15:00 - 17:00
OUDERDOMME 9-17 JAAR**

.....

**COVID-19 PROTOKOL
SAL GEVOLG WORD.**

**SKAKEL 072 018 9289 (MARELIZE)
OM 'N AFSpraak TE MAAK.**

.....

DIE LOKAAL SAL BEVESTIG WORD.

.....

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.

